higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

PUBLIEKE ADMINISTRASIE N6

(21010066)

1 Junie 2021 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

168Q1J2101

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
PUBLIEKE ADMINISTRASIE
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–H) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Duplikasie van werklike lewensituasies	A	personeel
1.1.2	Verwydering van die premier en in 'n staat van beskuldiging plaas	B	beplanning
1.1.3	Begrotings toon ewewigtige besteding	C	visuele tegnieke
1.1.4	Persoonlike gehalte van 'n werkstudiebeampte	D	artikel 92
1.1.5	Werwing en aanstelling van personeel	E	openbare bestuur
1.1.6	Kies take om doelwitte te bereik	F	analitiese denker
		G	artikel 133
		H	privaat bestuur

(6 × 2) (12)

1.2 Voltooi die volgende sin of sinne deur die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.6) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.2.1 … voorkom dat onregmatige transaksies plaasvind.

1.2.2 … is al die handelinge of aktiwiteite wat nodig is om die instelling te bedryf.

1.2.3 'n … gee 'n aanduiding van die pad, doelwitte of inligting deur 'n instelling.

1.2.4 … is 'n formele evaluering van 'n werknemer se werk.

1.2.5 'n … is die fisiese bewys van werk wat gedoen is.

1.2.6 Die … stel ondersoek in na wanadministrasie en onreëlmatige of onwettige gedrag.

(6 × 2) (12)

Kopiereg voorbehou

1.3 Kyk na die prent hier onder en beantwoord die vrae.



[Bron: *www.google/images.co.za*]

1.3.1 Watter departemente word in die prent aangedui? (2)

1.3.2 Bespreek die aanspreeklikheid van die howe. (3 × 2) (6)

1.3.3 Verduidelik VIER funksies van staatsregadviseurs. (4 × 2) (8)

[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 2

Lees die gevallestudie en beantwoord die vrae.

Selfs voor openbare instellings geskep is, was daar 'n behoefte om wet en orde te handhaaf, met ander woorde die funksie om te voorkom dat omstandighede binne buite die land versleg. Die funksionele aktiwiteite wat hier betrokke is, is die wat uitgevoer word deur polisiebeamptes, landdroste en regters, tronkbewaarders en verkeersbeamptes.

2.1 Noem die aktiwiteite wat as 'n lynfunksie uitgevoer word deur die volgende beamptes om wet en orde te handhaaf.

2.1.1 Polisiebeamptes

2.1.2 Landdroste en regters

2.1.3 Tronkbewaarders

2.1.4 Verkeersbeamptes

(4 × 2) (8)

2.2 Die beamptes wat in VRAAG 2.1 genoem is, dra uniforms wanneer hulle hul pligte uitvoer.

Bespreek uniforms en beskermende drag wat mense in sekere beroepe dra as instrumentele funksie. (4 × 2) (8)

2.3 Noem en verduidelik VYF instrumente wat gebruik kan word om die prestasie van die reg en bevelsbeamptes te meet. (5 × 2) (10)

2.4 Bespreek die volgende faktore wat die hersiening van prosedures noodsaak:

2.4.1 Mense se behoeftes (4 × 1) (4)

2.4.2 Vordering wat gemaak word in die tegnologiese veld (2 × 2) (4)

2.4.3 Wetenskaplike vordering (2 × 2) (4)

2.4.4 Voorkoming van teenstrydighede, afwykings en verouderde metodes en prosedures (2)

[40]

VRAAG 3

3.1 Die kontroleproses in die regering neem verskillende vorme aan.

Gee VIER voorbeelde van die gewone interne kontroleprosedures binne 'n instelling. (4)

3.2 Beskryf die ingrypingsproses wat 'n provinsiale regering moet volg wanneer hulle inmeng in die sake van 'n plaaslike regering. (6 × 2) (12)

3.3 Bespreek die verhouding tussen die sentrale regering en die munisipaliteite. (5 × 2) (10)

3.4 Die openbare beskermer is 'n voorbeeld van 'n Hoofstuk Nege-instelling wat grondwetlike demokrasie in Suid-Afrika versterk en beskerm.

Bespreek die magte en funksies van die openbare beskermer. (4 × 2) (8)

3.5 Die ouditeur-generaal en openbare beskermer is bestuurders van hulle instellings.

Noem DRIE identifiseerbare handelinge wat bestuurders uitvoer. (3 × 2) (6)

[40]

VRAAG 4

4.1 Noem die SES generiese administratiewe funksies in die korrekte volgorde. (6 × 2) (12)

4.2 Bespreek verwysingsdokumente as 'n bykomende funksie. (3 × 2) (6)

4.3 Onderskei tussen *private sakebestuur* en *openbare bestuur*. (6)

4.4 Noem DRIE voorbeelde van wette wat die parlement met betrekking tot munisipaliteite aanneem en wat 'n groot invloed op hulle het. (3 × 2) (6)

4.5 Noem VYF nadele verbonde aan die indiensneming van werkstudiebeamptes. (5 × 2) (10)

[40]

VRAAG 5

5.1 Beskryf die volgende bestuurstyle:

5.1.1 Konformisme

5.1.2 Determinisme

(2 × 4) (8)

5.2 Verduidelik onderhandeling as 'n instrumentele funksie. (3 × 2) (6)

5.3 Noem die hoofredes vir die aanstelling van werkstudiebeamptes. (3 × 2) (6)

5.4 Noem die vereistes vir die voorsiening van openbare dienste. (2 × 2) (4)

5.5 Bespreek die verhouding wat bestaan tussen die Limpopo provinsie en die Capricorn-distriksmunisipaliteit. (6 × 2) (12)

5.6 Noem die regulering van arbeidsake as lynfunksie wat uitgevoer word deur administratiewe uitvoerende instellings. (2 × 2) (4)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou